SOUTHERN AFRICAN POULTRY ASSOCIATION
SUIDER-AFRIKAANSE PLUIMVEEVERENIGING
Founded 1904 / Gestig 1904

VERSLAG VAN DIE EIER ORGANISASIE KOMITEE
VOORSITTERSVERSLAG
2010

VOORGELÊ DEUR JIMMY MURRAY

BY DIE 105DE SAPV KONGRES
GEHOU OP DINSDAG, 31 MEI 2011
TE EMPERORS PALACE, GAUTENG

LIDMAATSKAP

Die ledetal van die Eierorganisasie het op 47 gebly. Reken mens die individuele lede wat aan die onderskeie koöperasies behoort by, verteenwoordig die Eier Organisasie 106 produsente. Met die beplande uniforme lidmaatskapgeld van R400, BTW ingesluit, sal ons moet verseker alle produsente word gemotiveer om lede te word.

KOMITEE

Die komitee bestaan tans uit:

Jimmy Murray (voorsitter)
Dr Dave Allwright
Marco Torsius
Murray Jackson
Nic Elliot
Freddie Kirsten Sr
André Wohlfahrt
Gawie Rossouw
Dr Naudé Rossouw
Pier Passerini
Colin Steenhuisen
Kevin Barnsley.

OORSIG VAN DIE BEDRYF

Voortdurende groei in eierproduksie is gedurende 2010 volhou. Die gemiddelde getal kiste geproduseer het met 8 750 kiste (+2,5%) gestyg tot ’n totaal van 361 300 per week in Desember. Die gemiddelde lêtrop wat vir Desember 2010 geprojekteer is, was 23,483 miljoen henne, wat ’n styging van 614 800 lêhenne (+2,7%) vergeleke met Desember 2009 beteken

Dagoud-jonghenplasings het gedurende die tweede helfte van 2010 op ’n hoë vlak gebly vergeleke met die 2009-plasings. Gegrond op die jonghenplasings tot Desember 2010 word ’n styging in die nasionale lêtrop tot 23,83 miljoen in April 2011 geprojekteer.

Indien die dagoud-jonghenplasings die eerste ses maande van 2011 op dieselfde vlak as in die ooreenstemmende 2010-tydperk bly, kan mens verwag dat die lêtrop in die tweede helfte van 2011, 24 miljoen lêhenne sal oorskry.

Eierproduksie het in 2010 altesaam 18,526 miljoen kiste beloop. Die vooruitsig is dat die totale eierproduksie in 2011 met sowat 674 400 kiste (+3,6%) na 19,2 miljoen kiste sal styg.

Die bedryf is nie by die vorige hoogtepunt van 18,663 miljoen kiste wat in 2008 bereik is nie, maar behoort dit in 2011 te bereik.

OMSET

Teen 'n bruto omset van R6,658 miljard op produsentevlak beklee eiers die vierde grootste plek in die diereproduksektor van Suid-Afrikaanse landbou. Sowat 556 miljoen dosyn eiers is in 2010 deur verskeie kanale verkoop.

EIERPRODUKSIE

Dagoud-jonghenproduksie

Dagoud-jonghenplasings vir 2010 het 24,517 miljoen beloop. Dit verteenwoordig 'n styging van 4,1% vergeleke met 2009. Gemiddeld 471 500 dagoud-jonghenne is weekliks gedurende 2010 geplaas.



Lêtrop- en eierproduksie

Die lêsiklus is met twee weke verleng, wat impliseer dat die ontvolkingsouderdom van lêhenne in 2009 van 69 weke na 71 weke toegeneem het, en in 2010 op 71 weke gebly het.



Die geprojekteerde gemiddelde getal van 23,1 miljoen lêhenne vir 2010 is 866 000 henne meer (+3,9%) as die ooreenstemmende trop in 2009.



Jaarlikse gesamentlike eierproduksie het gestyg van 17,86 miljoen kiste eiers in 2009 tot 18,53 miljoen kiste, of 3,4% meer in 2010, met 'n vooruitskatting van 19,07 miljoen kiste in 2011.



Produksie het die eerste tien maande van 2010 gestyg van 352 400 kiste per week geproduseer in Januarie 2010 na 358 300 kiste eiers per week teen Julie 2010, en in Oktober 2010 afgeneem na 352 800 per week. Eierproduksie het teen Desember 2010 gestyg na 361 300 kiste per week. Kiste eiers geproduseer in 2010 was gemiddeld 355 300 per week.



Vooruitsigte vir 2011
Eierproduksie het sedert einde 2009 'n geleidelike styging getoon en na verwagting sal hierdie groeikoers tot diep in 2011 voortduur.

Jaarlikse gesamentlike eierproduksie sal na verwagting styg van 18,53 miljoen kiste in 2010 tot 19,2 miljoen kiste in 2011.

PER KAPITA-VERBRUIK

Die jaarlikse per kapita-verbruik vir 2010 was 132 eiers, 'n styging van 2% vergeleke met die per kapita-verbruik in 2009 van 130 eiers per jaar.

Uit die volgende grafiek, wat eierverbruik in 2010 illustreer, is dit duidelik dat aansienlike ruimte vir 'n styging in per kapita-verbruik bestaan, veral as die pryskompeterendheid van eiers as 'n bron van proteïen vergeleke met ander diereprodukte in aanmerking geneem word.



Bron:IEC

INSETKOSTE

Lêvoerpryse het in 2010 die afwaartse momentum behou, wat in 2009 begin het. Die lêvoerprys het in 2010 met 11% gedaal vergeleke met 2009, ná ’n daling van 5% vergeleke met 2008. Die voerprys het nie die vlak bereik wat dit voor 2008 beklee het nie, toe dit deur die opwaartse momentum op die rug van stygende mielie- en proteïenpryse ‘n gemiddelde styging van 30% bereik het. Die gemiddelde lêvoerprys in 2010 was R2 102,77 per ton.



WERKVERSKAFFING

Met 'n geraamde 10 000 werkers in diens oral in die land, bly die eierbedryf 'n belangrike rolspeler in landelike werkverskaffing.

BEMARKING

Kompetisie: Terugvoer
Die kompetisie wat by die verpakking ingesluit was, was onbevredigend. Net een derde van die goue- eierpryse is opgeëis, en terugvoering op slegs 0,42% van die pamflette is ontvang.

Ernstige foute is in die proses begaan met verskeie logistiese probleme. Miljoene pamflette is nooit gebruik nie. Agterna beskou, lyk dit of die betrokkenheid van die kleinhandelsektor ook ’n fout was.

Die komitee het ooreengekom dat die kleinhandelsmark aan die produsente oorgelaat moet word, hoewel dit destyds na ’n goeie voorstel gelyk het. ’n Televisie- en radioveldtog is ter vervanging daarvan vir toekomstige kompetisies voorgestel.

Aanstelling van advertensieagentskap
Lede wat die voorlegging deur The Jupiter Drawing Room bygewoon het, was van mening dat hul aanbieding hoogstaande was en dat hulle tot dusver waardering getoon het vir die “Eggs are Magic”-veldtog. Hulle het ook uitmuntende begrip getoon van die opdrag wat aan hulle gegee is.

Eggs are Magic-veldtog 2011
Die “Eggs are Magic”-veldtog is volstoom onderweg en planne vir die jaar is gefinaliseer. Soos u weet, is The Jupiter Drawing Room die advertensieagentskap waarmee ons werk in die implementering van die veldtogprogram onder leiding van Masanda Peter. Lede sal gereeld op hoogte van sake gehou word, en van die inligting sal op die SAPV-webwerf wees. Ons moedig almal aan om jul idees na die bemarkingsdepartement te kanaliseer aangesien hierdie inisiatiewe ’n gesamentlike poging is en terugvoer van lede word verwelkom sodat dit ’n sukses kan wees.

Ek bedank graag Marco Torsius, Masanda Peter, Kevin Lovell, Sabine Frielinghaus en alle komiteelede vir hul waardevolle insette om toenemende sukses met hierdie veldtog te verseker.

Die Galliova-toekennings
Die Galliova-toekennings is op 8 Oktober 2010 in Johannesburg gehou. Kos- en gesondheidskrywers se reaksie op die toekenning was weer iets wat alle eierprodusente behoort te waardeer. Volgens Peter Veldman word hierdie toekenning, nou in sy 22ste jaar, steeds die voorste kos- en gesondheidstoekenning geag en die blootstelling wat ons kry, kan nouliks gekwantifiseer word. Hartlike dank aan Mathilda Pansegrouw en haar span vir hul waardevolle bydrae.

Jongvoedselskrywers-kompetisie 2011
Die jaar 2011 is die tweede een waarin die eierbedryf in samewerking met die Galliova-toekennings die Jongskrywerstoekennings aanbied. Die doel van die inisiatief is om die land se belowendste student-voedselskrywer uit ’n voorheen benadeelde agtergrond te vind. Die inisiatief geniet die steun van voorste tydskrifte, wat met ons in vennootskap getree het deur die

gekose studente internskappe aan te bied, wat hulle 'n enorme loopbaanhupstoot gee. Hierdie jaar se wenners word in Oktober aangekondig by die Galliova-toekenningsaand.

INTERNASIONALE EIERBEDRYF

VSA Eierbedryf

*"**Tafeleierproduksie** sal na verwagting slegs effens styg om 6,6 miljard dosyn te bereik, dus meer as die 6,5 miljard dosyn in 2010 geproduseer. Die styging in produksie sal na verwagting redelik eweredig deur die jaar versprei wees en sal waarskynlik kom van klein verhogings in die aantal henne in die tafel-eiertrop, tesame met relatief klein verandering in die tempo van eierproduksie per hen. Die getal henne in die tafel-eiertrop was groter in vier van die ses maande van die tweede helfte van 2010, en daar word verwag dat die trop deur die eerste aantal maande van 2011 op vlakke bo dié van vroeër die jaar sal bly. Hoewel pryse vir byna alle voerkomponente die afgelope paar maande vinnig gestyg het, word verwag dat hoër pryse vir bees- en varkvleis, eierpryse 'n hupstoot sal gee.*

*"Die voorspelling is dat **broei-eierproduksie** in 2011, 1,07 miljard dosyn sal beloop, min of meer onderveranderd teenoor 2010, wat 'n stadiger groei in braaikuikenproduksie reflekteer namate die beduidende styging in graanpryse druk op integrerende marges uitoefen. Die produksie verlaging word vanaf die tweede kwartaal tot met die vierde kwartaal verwag, met die produksie in die eerste kwartaal van 2011 effens hoër as die vorige jaar."*

BRON: : Economic Research Service, USDA, United States Department of Agriculture, Feb 15, 2011



DIE PLAASLIKE EIERBEDRYF

Plaaslik het eieruitvoer steeds van ’n lae basis af plaasgevind en dit kan moontlik ’n langtermynsakegeleentheid vir Suid-Afrikaanse produsente word. Die invoer van eierprodukte was ook laag, waarmee ons ingenome is. Eieruitvoer het in 2010, 3 762 ton beloop. Terwyl steeds van ’n lae basis af gewerk word, is dit 54% of 1 321 ton meer as die vorige jaar. ’n Rekordgetal van 11 000 ton is in 2002 uitgevoer, en hoewel daar ’n afwaartse neiging van 2002 tot 2005 was, het uitvoer van dopeiers van 2007 af geleidelik begin styg. Dopeiers het 96% van eieruitvoere uitgemaak.



Invoere van eiers in 2010, insluitend dopeiers en eierprodukte (vloeibaar en droog) was altesaam 210 ton, 41 ton of 16% minder as die vorige jaar. Die eierprodukkomponent was 209,8 ton.



Eierpryse op ‘n per-kilogram-basis was in 2010 vir alle groottes ‘n gemiddeld vir alle groottes gemiddeld R14,10 per kg. Dít vergeleke met R12,28 per kg vir braaikuikenvleis (op plaashek-vlak), R14,82 per kg vir varkvleis (op abattoirvlak) en ongeveer R19,83 tot R24,02 per kg vir rooivleis op abattoirvlak. Eiers bly dus een van die goedkoopste breëbasis-voedselproteïene wat vir die Suid-Afrikaanse verbruiker beskikbaar is.





INTERNASIONALE KOMPETERENDHEID

Volgens Urner Barry was die prys vir **medium wit eiers** in Desember 2010 in die noord-oostelike streek in die VSA VS$1,03 per dosyn. In Randterme teen die gemiddelde maandelikse wisselkoers, beloop dit R7,13 per dosyn. Vergelyk dit met die gemiddelde eierprys van R9,51 per dosyn vir alle groottes in Suid-Afrika.

Die prys vir **groot bruin** eiers in Desember 2010 in die noord-oostelike streek in die VSA was VS$1,84 per dosyn; uitgedruk in Randterme teen die gemiddelde maandelikse wisselkoers beloop dit R12,71 per dosyn. Die gemiddelde SA-eierprodusenteprys vir alle groottes vir Desember 2010 was R9,51 per dosyn.



DIEREGESONDHEID EN -SIEKTES

Die voortgesette voorkoms van 'n wye spektrum siektes in die pluimveebedryf is 'n bron van werklike kommer. Die bedryf was die afgelope jaar in 'n beter posisie wat siektes in die algemeen betref, maar die vervoer van lewende voëls, gebrekkige biosekuriteit en inentingsprogramme, wat nie volgens aanwysings uitgevoer word nie, sal 'n gevaar vir die bedryf bly. Wanneer dit geïmplementeer is, sal die Eenheid vir Pluimveesiektebestuur bydra tot verbeterde skakeling met die afdeling veeartsenykundige dienste in die nasionale asook provinsiale departemente.

DIEREWELSTAND

Met die groeiende bewustheid van dierewelstand onder die algemene publiek sal ons as bedryf moet verseker ons praktyke voldoen aan internasionale én aan plaaslike verwagtings. Die werklike ondervinding met een van die lêtroptelers het steeds nie die beeld van die bedryf goed gedoen nie en die algemene publiek se standpunt hieroor is as “rampspoedig” beskryf. Ons moet seker maak alle produsente slaan wel ag op die Bedryfskodes van toepassing op uitslagting van nie-verkoopbare kuikens asook die vervoer van punt-van-lê-henne en uitgediende henne.

FINANSIËLE SAKE

Die SAPV se finansiële state reflekteer 'n gesonde finansiële posisie en die SAPV het vir die vierde agtereenvolgende jaar 'n ongekwalifiseerde ouditverslag ontvang.

VOEDSELVEILIGHEID

Die internasionale druk om te verseker veilige voedsel is op alle vlakke beskikbaar, is as prioriteit deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Verbruikersraad opgeneem. Verskeie voedselveiligheidstandaarde is deur raadslede gebruik en ons as produsente verwelkom die inisiatief om hierdie toetse te standaardiseer, wat kosteverlaging in die produksieproses kan verseker. Die voorgestelde Eiermerk sal ons help om ’n praktiese en eenvormige voedselveiligheidstandaard in Suid-Afrika te hê.

WETGEWING

‘n Ooreenkoms is bereik oor die nuwe regulasies vir eierverpakking en -gradering, asook vir vryloopproduksie, en die nuwe konsep is vir kommentaar in Januarie 2010 gesirkuleer.

DIE TOEKOMS

Die bedanking van Nulaid uit die Eierorganisasie was ’n werklike verlies en ek is bekommerd dat só ’n belangrike rolspeler en bydraer tot die SAPV-befondsing via die statutêre heffing nie betrokke is by die daaglikse besluitneming van die Eierorganisasie nie. Alle pogings moet aangewend word om hulle aan te moedig om weer by die organisasie aan te sluit.

Die sikliese verandering in verbruikersvraag en die voorspelde henplasing vir die tweede helfte van 2011, tesame met die stygende kommoditeitspryse gaan druk plaas op eierprodusente, maar op die ou end sal elke produsent oor toekomstige produksievlakke moet besluit.

Produksiekoste sal ’n voortslepende probleem bly. Die gebrek aan betroubare produksiekostesyfers sal nie net elke lid nie, maar ook die bedryf aan bande lê wat betref ons vermoë om die regering in te lig oor die koste-implikasies van veral elektrisiteit, brandstof en die gevolge van swak padinfrastruktuur in die versekering van voedselsekuriteit.

PLUIMVEEBULLETIN
Daar het in 2010 ’n verandering ingetree met Zach Coetzee wat as redakteur van die *Pluimveebulletin* bedank het. Dankie, Zach, vir 36 jaar se leersame publisering. Ons wens jou die beste toe gedurende jou aftreetyd. Geluk aan Kevin Lovell, wat die leisels oorgeneem het met die publisering van die *Pluimveebulletin*, met die nuwe voorkoms van die *Bulletin*.

AFSLUITING

Ons wens ons vorige voorsitter, Willie Maree, wat verlede jaar afgetree het ’n gelukkige en ontspanne aftrede aan die Suidkus toe.

Ek bedank graag komiteelede vir hul bydrae tot die Eierorganisasie die afgelope jaar. My opregte dank aan alle SAPV-personeellede vir jul toewyding en steun. My hartlike dank ook aan alle lede van die Eierorganisasie vir jul medewerking en bystand in die hantering van al die gemeenskaplike kwessies in ons bedryf.